



# Dorothea-Nuus

- No. 2/2013 -

Nuusbrief van die **Dorothea-Sending** - 'n evangeliese geloofsending

Werkzaam in: Suid-Afrika, Namibië, Zimbabwe, Zambië, Malawi en Mosambiek

('n Nie-winsgewende organisasie - reg. no. 039-294-NPO)

## Van die rak afgehaal



*Bo: Eerste kinderkamp - in tente gehou.  
Onder: Kampterrein vandag met koppie in  
agtergrond.  
Heel onder: Biduur op 13 Junie 2013.*



Ons weeklikse biduur op *Dorothea* op Donderdag 13 Junie was vir ons spesiaal, want ons het die Sending se kampterrein wat onlangs opgeknap is, opnuut aan die Here toegewy.

*“n Boek wat net op 'n boekrak staan en nie gelees word nie, baat niemand nie. Dit was sinvol toe dit gekoop en gelees is, maar beteken nou niks nie totdat iemand anders dit weer gebruik.”* Dit was die strekking van die Sending se direkteur, Jacques Malan, se woorde tydens die geleentheid.

In die sewentigerjare was ons kampterrein die eerste geboue wat opgerig en in gebruik geneem is hier op *Dorothea*. Voor die bouwerk voltooi was, het ons reeds ons eerste kinderkamp hier gehou. In daardie stadium het 'n span van die Sending se evangeliste op daaglikse basis die Woord bedien in skole en dit was 'n groot behoefte om kampe vir hierdie kinders te hou. Hulle vreugde was dus groot toe God hierdie gebed beantwoord en dit 'n werklikheid geword het!

Vir baie jare is daar feitlik tydens elke skoolvakansie kampe aangebied en daar is vandag baie volwassenes wat kan getuig dat die Here hierdie kampe

gebruik het in hulle bekering of geestelike groei toe hulle kinders was. Tye, omstandighede en ons werkerskorps het egter verander en dit was vir ons baie hartseer om te sien hoe ons kampterrein minder en minder gebruik word. Dit wat die Here vir ons gegee het om te gebruik in Sy diens kon tog nie in onbruik verval nie!

Na gebed en oorleg het die Raad vroeg in 2012 besluit dat dit opgeknop en beskikbaar gestel moet word vir Christelike kerke en groepe om kampe te kom hou. Baie tyd is spandeer aan beplanning, maar toe ons by die praktiese uitvoering kom, was daar egter nog 'n paar spreekwoordelike klippe in die pad. 'n Begin is gemaak, maar die werk wou nie vlot nie.

In April vanjaar het daar egter twee wonderlike dinge gebeur! Eerstens het ons 'n spesiale donasie ontvang vir hierdie projek. Ons kon al die onmiddellike behoeftes aanspreek sodat ons die terrein kan aanbied sonder om verleë te voel oor die toestand daarvan! Terwyl ons harte verheug was hieroor, het daar tweedens slegs twee dae later 'n vriend van die Sending geskakel om te vra of hy ons nie kan help met praktiese werk nie. Prys die Here, daar het ons alles - die nodige finansies en die hande om die werk te verrig. Nog baie ure is ingesit veral ten opsigte van praktiese werk deur hierdie vriend sowel as ons werkers en studente.

Dit was dus met groot dankbaarheid dat ons hierdie terrein opnuut aan die Here kon toewy - hierdie keer nie net vir die gebruik vir die Sending se aktiwiteite nie, maar ook deur andere wat die bevordering van die Here se koninkryk voorstaan. Mag die Here gee dat Sy Woord gereeld in waarheid verkondig sal word hier en dat kosbare siele gered en geestelik gehelp sal word. Mag dit ook aan menige persoon 'n geleentheid bied om weg te kom van die gewoel van die daaglikse lewe en hier God se aangesig te kom soek.

***“Van ouds af het niemand so iets gehoor nie, het niemand so iets verneem nie, het geen oog 'n god gesien wat vir dié wat op hom vertrou, doen wat U doen nie” (Jesaja 64:4).***

## Manne- en Vrouekampe

As die Here wil, sal ons vanjaar weer 'n manne- sowel as 'n vrouekamp hou op ons sendingstasie *Dorothea*. Die besonderhede is soos volg:

**Mannekamp:** Donderdag 8 tot Saterdag 10 Aug.

**Vrouekamp:** Vrydag 25 tot Sondag 27 Oktober.

**Taal:** Engels en 'n plaaslike Afrikataal.

Indien u enige verdere inligting verlang, is u welkom om ons kantoor te kontak. (Sien bl. 8)

In die vorige uitgawe van die *Dorothea-Nuus* het ons genoem dat ons moontlik in Julie 'n konferensie sou hou vir die vroue van ons buitelandse evangeliste op ons sendingstasie in Harare, Zimbabwe.

Weens verskillende redes is dit uitgestel tot April/Mei 2014, D.V. Dankie vir elkeen wat dit in u gebede onthou het. Daardie gebede is opgestapel voor die Here se troon en ons glo Hy sal dit op Sy tyd beantwoord.

## Uit die hart

**D**avid Livingstone het geweet hoe om hard te werk en te volhard. Op die ouderdom van 10 jaar het hy begin om 14 ure per dag, ses dae per week, in 'n katoenfabriek te werk. Terwyl hy werk gedoen het wat nie baie konsentrasie vereis het nie, het hy gestudeer. Hy het ook aandklasse bygewoon na werkstyd en 'n bietjie studeer voor sy nagrus van vier ure. Baie min van ons sou sulke druk kon hanteer. As ons egter sy gesindheid en dissipline in ag neem, is ons nie verbaas dat hy so baie bereik het as sendeling, verkenner, dokter, wetenskaplike en teenstander van slawehandel later in sy lewe nie. Sulke mense inspireer ons.

Goeie blywende resultate word behaal deur harde werk en volharding! Ons lees in Spreuke 13:11: "Goed wat uit niks verkry is, word minder; maar hy wat met die hand bymekaarmaak, kry altyd meer." Iemand het navorsing gedoen oor wenners van 'n nasionale lotery in Engeland. Dit was bevind dat meer as 90% van die topwenners in die skuld en slegter af was as voordat hulle gewen het! Eerlike arbeid blyk 'n beter beginsel te wees en ook die manier wat die Here meer waarskynlik sal seën.

Laat ons dan volhard met oorfloedige, goeie, deeglike, harde werk vir die Here. Jesus het vir Sy dissipels gesê: "Ek moet die werke doen van Horn wat My gestuur het, so lank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie" (Johannes 9:4).

Die vrug van gedurige harde werk is nie dadelik sigbaar nie, maar sal op die regte tyd verskyn. 'n Bouer weet dat daar nie 'n kort pad is om 10,000 stene te lê nie. Jou deeglike kennis van die Bybel het jy nie verkry deur 'n video te kyk nie, maar deurdat jy deur die jare vir baie ure met konsentrasie die Woord gelees het. 'n Maandelikse bydrae van R50 vir 'n goeie saak oor 'n lang tydperk bring dalk nie soveel opwindung as 'n eenmalige bydrae van R1,000 nie, maar is later 'n baie groter bedrag. Daaglikse tyd op ons knieë sal die Here meer behaag as 'n eenmalige gebed. Die gewoonte om gereeld teenoor ongeredde mense te getuig sal gewoonlik meer in Christus se koninkryk bereik as 'n opwindende eenmalige uitreik.

Die Here sien ons voortdurende arbeid vir Sy saak. Wees verseker "dat julle arbeid in die Here nie tevergeefs is nie" (1 Korintiërs 15:58). Mag die Here ons daarvan bewaar om lui, ongeduldig of moedeloos te word. Deur God se genade sal die evangeliste van die Dorothea-Sending voortgaan met die goeie werk terwyl dit nog dag is. Dankie dat u vir ons intree. Gaan asseblief voort.

Met hartlike seëngroete

Jacques Malan

# Praktiese uitreik deur die Bybelkollege

**D**it was vir ons as Bybelkollege 'n voorreg om evangelisasie-uitreike te hou in Tickyline and Lorraine (naby Sekororo, Tzaneen). Soos gewoonlik het ons dienste gehou asook heelwat tyd spandeer aan huisbesoek. Alhoewel verreweg die meeste mense in daardie gebied lede van 'n welbekende sekte is wat 'n sterk houvas op hulle het, is ons oor die algemeen baie gasvry ontvang. Ons het mense met verskillende behoeftes teëgekom.

Ons dames het by 'n huis gekom waar die vrou besig was en nie met hulle kon praat nie. Sy het egter 'n traktaatjie geneem en 'n afspraak gemaak vir 'n volgende dag. Toe hulle weer daar kom, het sy intussen die traktaatjie gelees en as gevolg daarvan was sy gereed om haar lewe aan die Here te gee, wat sy daar en dan gedoen het.

Per geleentheid het 'n lidmaat van die gemeente my vergesel toe ons 'n groep jong manne teëgekom het wat besig was met hul bergskool-opleiding. Hierdie is 'n algemene heidense inisiasiepraktyk en dit veroorsaak nogal 'n opskudding wanneer hierdie mans hul verskyning maak om kos te vra by die inwoners. Hierdie gebeure het ons opnuut laat besef hoe groot die geestelike nood onder die mense is.



By die een nedersetting het 'n aantal van die gemeentelede ons vergesel tydens huisbesoek. Soggens het ons saam 'n tyd van Bybelstudie en gebed gehad en daarna in groepe uitbeweeg. Na die besoekwerk het ons weer saamgekom en terugvoer gegee. Hierdie mense het ons geleedre versterk en gevolglik kon ons meer mense besoek. Dit was vir hulle self 'n groot seën om op hierdie wyse betrokke te wees en hulle het dit baie leersaam gevind.

Diegene wat die sekte verlaat en tot bekering gekom het, kan heelwat teenstand van hulle families verwag. Dit is ons gebed dat hulle sal vasstaan in hulle geloof en getrou die kerkdienste sal bywoon sodat hulle geestelik kan groei. Ons sal voorbidding daarvoor waardeer.

*“Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word” (Hand. 16:31).*

## Honger vir hulp

Bybelkollege: Tydens 'n opelugdiens op 'n Sondagmiddag, het 'n sekere vrou na die diens gekom. Na die tyd het sy aangedui dat sy ons wil sien en ons het 'n afspraak gemaak vir die volgende keer. Toe ons daar kom, het sy ons ingewag en ons het die Woord aan haar bedien. Sy het die Here Jesus aangeneem as haar Verlosser en woon nou gereeld 'n kerk by. Sy is ook getrou by ons opelugdienste en ons kan haar steeds van raad bedien. In die verlede was sy gebind deur toordery, maar sy het alles wat daarmee te doen gehad het vernietig en is nou vry. Een van die probleme wat sy beleef is dat haar man aan alkohol verslaaf is en geen verantwoordelikheid vir sy gesin neem nie.

## Kerklidmaat word gered

Zimbabwe: Ons het 'n uitreik gehou ± 200 km van Harare. In die oggende het ons Bybelstudies gehou saam met van die lidmate van die kerk wat ons genooi het. Dit is veral deur jonger mense bygewoon. In die middag het ons huisbesoek gedoen en ons het baie mense gevind wat nog nie die Evangelie verstaan nie. Een ouerige vrou, mev. Jere, het ons in haar huis ingenooi en gevra hoe sy Christus as Verlosser kan aanneem. Alhoewel sy al baie jare lidmaat van 'n kerk is, het sy dit nie geweet nie. Ons het die weg van saligheid aan haar verduidelik en sy het haar lewe aan die Here oorgegee.

## 'n Veranderde pasiënt

Hospitaalbediening: 'n Sekere man is opgeneem met 'n gewas in sy nek wat gediagnoseer is as 'n aggressiewe kanker. Gou het hy die gebruik van sy bene verloor. Hy was eers 'n moeilike pasiënt. Ek het hom gereeld besoek en kon geestelik met hom praat. Dit het geblyk dat hy 'n ryp siel was wat met vreugde sy lewe aan die Here oorgegee het. Daar was dadelik aanduidings dat hy 'n nuwe mens was. Ek kon hom daagliks verder help en hy het die sekerheid gehad dat sy sondes vergewe is en hy die ewige lewe het.

Een Maandag toe ek by hom kom, het hy my hulp gevra. Hy het die naweek oor die telefoon met sy vriend gepraat wat by 'n partytjie was waar hy alkohol gedrink het. Hierdie pasiënt het hom vermaan en probeer oortuig dat dit verkeerd is. Die vriend het die oproep beëindig en sedertdien nie sy foon geantwoord as die pasiënt gebel het nie. Hy het my gevra om namens hom sy vriend te skakel en om verskoning te vra as hy hom aantoot gegee het. Hierdie sensitiviteit was 'n duidelike bewys dat die Here sy lewe verander het.

*“As iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel.”  
(2 Kor. 5:17)*

## Nuwe naam is nodig

Tete: Tydens 'n uitreik by Chiringa was een van die bekeerlinge 'n seun wat deur sy ouma in toordery ingelyf is. Hy het lelike littekens op sy kop weens straf wat hy gekry het omdat hy nie die moorddadige opdragte wat hy gekry het, uitgevoer het nie. Nadat hy die Woord gehoor het, het hy gekies om Christus te dien. In ons kultuur verwys 'n persoon se naam dikwels na sy aktiwiteite of omstandighede. Sy naam was ook so, maar sy oom het ingestem dat sy naam verander word om by sy nuwe lewenswyse te pas.



## Ons word soms moedeloos

**A**an die einde van die tweede kwartaal het een van ons Bybelkollegestudente, Fortune Duna, sy opleiding voltooi en is hy tydens 'n toewydingsdiens in die Here se werk uitgestuur. Dit is ook bygewoon deur die leraar aan wie se sy hy gaan werk in die gemeente waarvoor hy opgelei is.

Fortune het soos volg getuig: *“Die drie jaar van opleiding was 'n lang pad om te kom en dit was nie altyd maklik nie. Ek het baie vrae gehad, maar is baie dankbaar teenoor die personeel vir hulle geduld. Hulle het werklik moeite gedoen om my te help. Daar was verskeie geleenthede waar ek my studies wou staak, maar hulle het my aangemoedig om voort te gaan. Ek het nog nooit in my lewe sulke wonderlike ondersteuning gekry nie. Die oes is groot, en ek sien uit daarna om my deel van die insameling te gaan doen!”*



## Jonk en oud word bereik

**Z**ambië: Ons het 'n nuwe opening gekry by 'n skool in Lusaka waar ons Dinsdae en Donderdae die Woord kan bedien. By een van ons kinderklubs wat ons in die middag hou, het twee jong tienerseuns, Frank en Michael, tot bekering gekom. Hulle kom uit twee verskillende sektes en het baie gebed nodig.



*Kinders van Lilanda-klub het geskenke van 'n ander organisasie ontvang. Michael en Frank verskyn agter 5de en 6de van links.*

Ons het vir sewe dae saam met 'n kerk in Kafue gewerk en dit het baie goed gegaan. Soggens het ons huisbesoek gedoen en in die aande het ons opelugdienste gehou. Die reaksie was baie goed en heelwat mense het 'n vars oorgawe aan die Here gemaak. Sommige van hulle doen nou ons korrespondensie Bybelstudies om hulle geestelik op te bou. Die gemeente het die verantwoordelikheid aanvaar om hierdie mense verder te help.

Tydens huisbesoek het een gesin ons geroep. Hulle 17-jarige seun, Junior, het demoniese werkinge in sy lewe ervaar wat gemanifesteer het deur nagmerries en onverklaarbare siektes. Die dokters kon hom nie help nie. Ons het met hom gepraat en hy het sy lewe aan die Here gegee. In antwoord op gebed het die Here hom ook bevry van die bose geeste.

# Jaarlikse konferensie

Die Here het die Dorothea-Sending nog 'n jaar in stand gehou en ons gee Hom al die eer vir 71 jaar! Ons jaarlikse konferensie wat bestaan uit die Sending se verjaardag en die dae van gebed en lering wat daarop volg, kom reeds weer nader. Ons wil u **hartlik uitnooi na albei hierdie geleenthede**.

## Verjaardag

**Datum en tyd:** Saterdag 14 September 2013 om 13:45.

**Plek:** Nederduits Gereformeerde Kerk, Onderstepoort Gemeente, Eeufesstraat 377, Pretoria-Noord. (Dieselfde terrein wat ons in 2011 gebruik het. Kontak ons gerus vir 'n padkaart.)

**Program:** Getuïenisse en verslae deur werkers, sang en 'n boodskap uit die Woord.



**Hoofspreker:** Ds. Leigh Robinson is in Johannesburg, Suid-Afrika, gebore en het reeds op 'n jong ouderdom tot bekering gekom en ervaar dat die Here hom roep vir voltydse diens. Hy het gestudeer aan die *Prairie Bible College* in Alberta, Kanada, en ook vir sewe jaar daar doseer. Na sy terugkeer na Suid-Afrika het hy gemeentes bedien in Durban (7 jaar) en Honeyridge (17 jaar). Daarna het hy vir drie jaar 'n gemeente in Kanada bedien. Sedert 2004 is ds. Robinson die leraar van die *Rosebank Union Church* in Johannesburg. Hy is getroud met Irene en hulle het drie volwasse kinders en twee kleinkinders. Ds. Robinson het 'n hart vir sendingwerk en sendelinge en het saam met sy vrou al in 13 verskillende lande sendelinge bedien en bemoedig.

### Let asseblief op:

- \* Daar is net een byeenkoms - om 13:45 - en dit sal **nie** op *Dorothea* plaasvind nie.
- \* U is welkom om van 13:10 tot 13:40 'n koppie tee saam met ons te geniet.
- \* Gratis verversings sal bedien word ná die byeenkoms.
- \* Goeie geestelike boeke en CDs sal te koop aangebied word.
- \* Dit is nie nodig om te bespreek vir die verjaardag nie, maar u is welkom om ons te skakel by **012-5602002** of **082-8967960** vir enige navrae.

## Dae van gebed en lering

Graag nooi ons ook ons vriende sowel as ons voormalige werkers en studente uit na die vier dae van gebed en lering. Die besonderhede is soos volg:

- \* **Datum:** Sondag 15 tot Woensdag 18 September, D.V.
- \* **Plek:** Ons sendingstasie, *Dorothea*, buite Rosslyn. (Padkaart is beskikbaar.)
- \* **Program:** Byeenkomste wat tye van gebed en boodskappe uit die Woord insluit.
- \* **Hoofspreker:** Ds. Leigh Robinson van die *Rosebank Union Church*.
- \* **Wie:** Enige Christen wat belangstel is welkom om by ons aan te sluit, al is dit net vir 'n paar dienste. Dagbesoekers is ook hartlik welkom.
- \* **Taal:** Die voertaal sal Engels wees.
- \* **Kontak** ons asseblief voor u kom om seker te maak van ons program.

# Gebedsversoeke

**S**edert die ontstaan van die Dorothea-Sending is ons voorbidders wat saam met ons staan vir ons baie kosbaar. Dit is ons gebed dat die Here elkeen sal seën. Mag ons weer 'n paar spesifieke sake en beplande aktiwiteite met u deel asseblief?

1. Die **mannekamp** (8-10 Aug) en **vrouekamp** (25-27 Okt) op *Dorothea* - vir 'n goeie opkoms en die Here se werking in die harte van almal wat dit bywoon.
2. Vir die **verjaardag** en die **dae van gebed en lering** wat deur veskillende spanne gehou sal word. In Suid-Afrika sal dit onderskeidelik op 14 September en van 15 tot 18 September plaasvind (sien bladsy 7):
  - \* Dat die Here die gasspreker sal toerus met Sy Woord.
  - \* Dat elke persoon wat hier sal wees, seën mag ontvang.
  - \* Vir goeie bywoning en veiligheid vir diegene wat reis.
  - \* Vir alle praktiese sake en voorbereidings.
3. **Joseph Nota**, die prinsipaal van ons Bybelkollege, sal van 27 September tot 26 Oktober in die **Verenigde Koninkryk** wees om die Sending te verteenwoordig, D.V. Ons deelydse verteenwoordigers, John en Gwyneth Symons, stel sy program op en sal vir hom van hulp wees daar, alhoewel hy ook baie op sy eie sal moet reis. Bid asseblief dat die Here Joseph sal toerus en gebruik tot Sy eer.
4. Die volgende **uitreike** is onder andere op die program:
  - \* Zambië: Kampekete van 5 tot 11 Augustus.
  - \* Chokwe (Mosambiek): Ndonga van 19 tot 23 Augustus.
  - \* Tete (Mosambiek): Marowera 29 September tot 20 Oktober.
  - \* Suid-Afrika Bybelkollege: Boshof (Vrystaat provinsie) 1 tot 14 Oktober.
5. Bid dat die mense wat ons **traktaatjies en Bybelstudies** ontvang dit sal lees en dat dit tot hulle harte sal spreek. Bid ook dat meer mense die Bybelstudies sal gebruik en die reeks sal voltooi sodat dit hulle geestelik kan help.
6. Ons vertrou die Here dat Hy **meer toegewyde en bekwame persone** sal roep om in ons geledere te dien sodat ons meer vir Hom kan bereik.

## ONS KONTAKBESONDERHEDE:

**Direkteur:** Jacques Malan

**Adres:** Posbus 911-024, ROSSLYN 0200, Suid-Afrika

**Telefoon:** 012-560 2002 of 082-8967960      **E-pos:** office@dorothea.org.za

**Webbladsy:** www.dorothea.org.za

**Die Dorothea-Nuus is ook per e-pos beskikbaar.**

Na aanleiding van navrae wat ons van tyd tot tyd ontvang, verstrek ons hiermee die bankbesonderhede van die Dorothea-Sending:

*Dorothea Mission, Standard Bank, Van der Waltstraattak, takkode 010145 en rekeningnommer 011030801.*